HESSEQUA MUNISIPALITEIT
VERORDENING INSAKE DIE SKUT VAN DIERE

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet, 1996, saamgelees met artikel 11(3)(m) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000), bepaal die Hessequa Munisipaliteit as volg:

INHOUDSOPGAWE

1. Woordomskrywings
2. Toepassing
3. Vestiging van skut
4. Aanstelling van skutmeester
5. Skut van diere wat rondloop of oortree
6. Diere wat te wild, onhanteerbaar, siek of boosaardig is om te skut
7. Vrylating van diere voordat dit geskut word
8. Versorging van diere wat oortree
9. Skut waarheen diere geneem moet word
10. Inligting verskaf te word aan skutmeester
11. Aanvaarding van diere by skut
12. Skutregister
13. Kennisgewing aan eienaars van diere
14. Versorging van geskutte diere
15. Afsondering van besmette diere
16. Geskutte diere nie geskik vir werk
17. Vrektes onder of besering van geskutte diere
18. Afskrifte van verordeninge
19. Gelde en kostes betaalbaar
20. Vrylating van geskutte diere
21. Verkoop van geskutte diere
22. Skutmeester verbied om geskutte diere te koop
23. Diere wat nie verkoop kan word nie
24. Opbrengs
25. Optrede vir verhaling van skadevergoeding
26. Prosedure tydens hofaansoeke
27. Vrywaring
28. Oortredings en boetes
29. Bylae 1 en 2 vorm deel van hierdie verordening
30. Herroeping van verordening
31. Kort titel

1. Woordomskrywings

Tensy teenstrydig met die sinsverband van hierdie verordening, beteken-

"**dier**" 'n perd, bees, donkie, skaap, bok, vark, volstruis, hond, kat of die baster van enige sodanige dier en het "**diere**" 'n ooreenstemmende betekenis;

"**Hof**" 'n Landdroshof soos na verwys in artikel 166(d) van die Grondwet,1996, met jurisdiksie in die gebied waarbinne die skut geleë is;

"**Koerant**" die amptelike Provinsiale Koerant van die Provinsie: Wes-Kaap.

"**munisipaliteit**" die Hessequa Munisipaliteit wat ingevolge artikel 155(6) van die Grondwet en artikel 11 en 12 van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998) gestig is;

"**eienaar**" 'n eienaar wat bekend is, of wie se identiteit redelik vinnig vasgestel kan word, en in verhouding tot enige -

(a) dier, sluit dit die agent van die eienaar in of enige ander persoon wat wetlike toesig of besit het van sodanige dier; of

(b) grond, sluit dit die eienaar, huurder of wettige bewoner van sodanige grond of sy of haar agent in;

"**skut**" 'n skut opgerig soos beoog onder artikel 3;

"**skutmeester**" die persoon wat van tyd tot tyd aangestel word soos beoog onder artikel 4 en sluit dit enige persoon in wat namens die aangestelde skutmeester waarneem;

"**openbare plek**" enige plek waartoe die publiek toegang het, insluitend en sonder beperking van die voorafgaande, enige -

(a) plein;

(b) park;

(c) ontspanningsgebied;

(d) sportgronde;